# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (30/18)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 3 Augustus 2018

CGA CITRUS SUMMIT 12 - 14 March 2019 Grow the Future, Together Balancing growth and inclusivity

***"Treat your password like a toothbrush. Don't let other people use it and get a new one every six months." Clifford Stoll***

## PHYTCLEAN EN E-SERTIFISERING "UPDATE"

Die sitrusbedryf is bewus van die ondertekening van 'n Diensvlakooreenkoms (SLA) in Maart 2018 waarvolgens Fruit South Africa (FSA) aanlyn-vermoëns vir DAFF beskikbaar stel vir die uitreiking van elektroniese sertifikate as 'n vervanging vir die papier fitosanitêre sertifikate wat tans in gebruik is. Die CGA bestuur hierdie projek namens FSA en die projek is nou goed aan die gang. Daar word verwag dat by September 2018 die eerste elektroniese fitosanitêre dokumentasie deur Nederland geprosesseer sal word. Dit mag dalk belowend klink, maar in werklikheid verteenwoordig dit slegs die finale stap in die amptelike uitvoerproses, en baie werk moet nog oor die volgende 18 maande gedoen word om die amptelike stelsels tot voor die punt van uitvoer te verbeter. Veral moet die fokus wees op hoe om " die papier te verwyder" (of " de-materialize ") uit die voorsieningsketting en hoe stelsels ontwikkel kan word om outomatiese validering van die data te doen. Tesame sal hierdie twee sleutelfaktore die grootste impak op die doeltreffendheid van DAFF en belanghebbendes in die voorsieningsketting hê. Sedert Mei 2018 is die volgende aktiwiteite onderneem: **E-Sertifiseringskantoor:** FSA het toegekende ruimte vir die e-Sertifiseringsplatform in Hillcrest naby Durban gevestig. Let daarop dat die ondersteunings-kontaknommer ook verander het (**nou 031 940 6795**) vir beide PhytClean- en e-Sertifiseringsnavrae. **FSA-projekspan:** Nuwe kundigheid is in diens van FSA. Die meeste van die nuwe span het in Junie en sommige in Julie aangesluit. **Hoëvlak belanghebbende betrokkenheid:** Gedurende Mei en Junie was Paul Hardman in staat om verskeie vrugtebedryfverenigings te besoek om met hulle oor die projek te gesels en die beginsels van hoe dit moet funksioneer, te bevestig. Besoeke is aan die avokado-, kern- en steen- (Uitvoerende), tafeldruif (SATI) en uitvoerders (FPEF) se Rade gebring. Soortgelyke besoeke aan die PPECB en CGA se Rade sal in die 3de kwartaal van die jaar volg. **Besoek deur Nederlandse en Keniaanse e-Sertifiseringskundiges aan SA:** In Junie het twee kundiges wat op die Keniaanse eSsertifiseringsplatform (onder KEPHIS) werk, en 'n Nederlandse verteenwoordiger wat die Nederlandse e-Sertifiseringsprojek lei, by die Suid-Afrikaanse eweknieë vir vier dae aangesluit om te bepaal hoe e-Sertifisering se beste praktyke kan lyk. Blootstelling aan hierdie twee bestaande stelsels in werking en hoe dit saamgestel is, was uiters waardevol en het onmiddellik 'n impak op die ontwerp van die Suid-Afrikaanse oplossing gehad. Hierdie kollegas word inderdaad bedank vir hul tyd, moeite en ondersteuning en ons hoop om die welwillendheid wat aan ons bewys is, gou terug te gee. **Strategiese Projekbestuurskomitee (SPMC):** DAFF het die SPMC gevorm as 'n komitee wat hoëvlakondersteuning binne DAFF verskaf en 'n algemene oorsig oor die projek verskaf. **Tegniese Projekbestuurskomitee (TPMC):** Die TPMC is ook in Junie deur DAFF gestig en is bedoel om leiding aan die FSA-span op 'n operasionele en tegniese vlak te bied. **Bedryfsbelanghebbendes se betrokkenheid:** Die e-Sertifiseringspan het ook e-Sertifisering-beste praktyk-werkswinkels daar gestel as geleenthede om bewustheid oor die projek te kweek en insette en aanbevelings van sleutel belanghebbendes te verkry. Werkswinkels is in Durban (19 Junie, 31 Julie) en Stellenbosch (18 Julie, die volgende op 29 Augustus) gehou, met dieselfde konsep wat in Gauteng uitgerol sal word (besonderhede sal volg). Hierdie werkswinkels vir belanghebbendes sal ongeveer elke maand in elke sentrum aangebied word om belanghebbendes in daardie streke op hoogte van die projek se vordering te hou. In die volgende paar maande gaan die span fokus op: **Besoek aan Nederland:** Nederlandse eweknieë sal in September die Suid-Afrikaanse afvaardiging ontvang om aan die afleweringsprosesse van uitvoersertifikate te werk. Daar word beplan dat lewendige demonstrasies van die stelsel tydens die vergaderings moontlik kan wees. **Deurlopende belanghebbende vergadering**: Roetine vergaderings met belanghebbendes van die bedryf sal voortgaan**. Stelselontwerp**: 'n Verskeidenheid stelselontwerpvrae oor die hantering van versoeke vir fitosanitêre dokumentasie moet nog aangespreek word. Hierdie onderwerpe sal in die werkswinkels vir belanghebbendes aangespreek word. **Bou voort op valideringskonsepte:** Daar is ook baie werk nodig om toepaslike verwysingspunte te skep sodat kliënte die data kan standaardiseer wanneer hulle versoeke vir elektroniese uitvoerdokumentasie doen. Hierdie verwysingspunte sal ook die basis vorm vir die outomatisering van data validering en sal meestal deur die Elektroniese Standaarde Owerheid vir die Vrugtebedryf (ESAFI) bestuur word.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die Pomelo Fokusgroep het hierdie week 'n telefoon-konferensie gehou en Suider-Afrika se projeksie tot 16,4 miljoen kartonne (17kg), in vergeleke met Maart se 14,8 miljoen kartonne (17kg), aangepas. Die Letsitele-streek het die grootste groei van 3,8 miljoen kartonne verlede jaar tot 5,4 miljoen kartonne, wat hierdie jaar verwag word, gesien.

| Tot Week 30 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2016 | 2017 | 2018 | 2017 | 2018 | 2018 | 2018 | 2017 |
| Pomelo's | 13 m | 14.8 m | 17.2 m | 13 m | 14.5 m | 16.8 m | 18.6 m | 15.7 m |
| Sagte Sitrus | 9.6 m | 10.1 m | 12.1 m | 8.9 m | 10.2 m | 14.7 m | 16.6 m | 13.4 m |
| Suurlemoene | 13.1 m | 17 m | 16.4 m | 15.6 m | 14.9 m | 20.6 m | 19.9 m | 19 m |
| Nawels | 23.1 m | 18.7 m | 22.4 m | 17.2 m | 19.2 m | 25.7 m | 25.3 m | 21.1 m |
| Valencias | 15.6 m | 19.8 m | 14.9 m | 11.5 m | 7.4 m | 53.9 m | 51.7 m | 53.8 m |
| **Totaal** | **74.4 m** | **80.4 m** | **83 m** | **66.2 m** | **66.2 m** | **131.7 m** | **132.1 m** | **123 m** |

DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS